# SARS WERK AAN DIE HERSTEL VAN 'N BEPAALDE EFILING KWESSIE

**Pretoria, Woensdag 3 Julie 2019** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) is bewus van 'n probleem wat deur sommige belastingpligtiges ondervind word. Dit gebeur wanneer hulle die inkomstebelastingopgawe stoor, dan dadelik weer oopmaak en die belastingberekening-knoppie druk voordat die vorm ten volle oop is. Die probleem vererger wanneer belastingpligtiges 'n paar keer klik in 'n poging om hul opgawe te besigtig.

SARS gaan dit herstel deur al die knoppies, insluitend die berekeningsknoppie, onbruikbaar (grys) te maak terwyl die vorm laai. SARS sal ook die aantal klikke op elke knoppie beperk tot een.

SARS bedank diegene wat hul opgawes vroeg ingedien het en hierdie frustrasie uitgelig het en vra ook om verskoning vir die ongerief aan belastingpligtiges veroorsaak.

Ons is bemoedig deur 'n positiewe optel in die aantal belastingopgawes wat tot dusver hierdie jaar deur eFiling ingedien is. Na twee dae vanaf die begin van Belastingseisoen 2019, het meer as halfmiljoen individue reeds op eFiling aangeteken, waarvan 279 488 hul opgawe versoek het en 188 140 dit ingedien het.

SARS is opgewonde oor die optel in digitale kanale en werk hard daaraan om die ondervinding selfs eenvoudiger te maak.